
# 301 Moet jy stry teen moeilikhede




Bou in kommervolle dae
al jou hoop op Hom alleen;
Hy hoor al jou ween en klae,
Hy ken al ons angs en vrae
deur die swaartse teenspoed heen,
Hy kan help, ja, Hy alleen.

Hy sal geen belofte breek nie;
ja en amen is sy Woord.
Hy laat ons nie in die steek nie,
laat ons onverhoord nie smeek nie,
daarom leef ons vreesloos voort,
Hy, die troue, hou sy Woord.

Weg dan alle vrees en smarte:
Hy, ons Vader, is ons God,
en sy Gees spreek in ons harte
van die Seun, die Man van smarte.
Hy, ons voorspraak by ons God,
Hy waak oor ons lewenslot.

Catherina Allegonda van Lier (1768-1801) C. De Pauw (1739-1803)